02 Julie 2018

VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING

(194 woorde)

**Senior aanstelling by Suidwes Landbou**

**Hoof Uitvoerende Beampte van Suidwes IT: Mnr Johan du Toit.**

Mnr Johan du Toit, nuwe Hoof Uitvoerende Beampte van Suidwes IT – die inligtings-tegnologie afdeling van Suidwes Landbou.

Mnr Johan du Toit is aangestel as die nuwe Hoof Uitvoerende Beampte van Suidwes IT – die Inligtingstegnologie afdeling van Suidwes Landbou.

Mnr du Toit was vir 16 jaar deel van die iPlan-groep, 'n professionele IT-konsultasiebesigheid wat fokus op die ontwerp en implementering van besigheidstelsels.

As Hoof Operasionele Beampte en Bedryfsdirekteur was mnr du Toit verantwoordelik vir die bestuur van 'n konsultasiefirma met 60 professionele konsulterende ingenieurs, geoktrooieerde rekenmeeters en sagteware-ontwikkelaars. Du Toit was verder verantwoordelik vir die bestuur van projekspanne en het professionele IT-dienste aan gelyste maatskappye gelewer.

Du Toit beskik oor 'n B.Ing. (Hons) graad in Bedryfsingenieurswese.

Volgens dr Herman van Schalkwyk, Groep Hoof Uitvoerende Beampte van Suidwes Landbou, is mnr du Toit se kundigheid rakende die optimalisering van besigheidsprosesse asook sy huidige betrokkenheid by die ontwikkeling en implementering van SYSPRO, Suidwes Landbou se nuwe besigheidstelsel, 'n groot voordeel vir die maatskappy.

Mnr du Toit sal op 1 Augustus 2018 diens aanvaar.

Navrae:
Deon Badenhorst
Bestuurder: Korporatiewe Bemarking en Kommunikasie
T: 018 - 581 1192
deonb@suidwes.co.za
www.suidwes.co.za